

1 April

Markus 9: 30-32

(Teks: 9:31)

Die tweede lydensaankondiging

Hierdie tweede lydensaankondiging vind plaas wanneer Jesus al uit die Noorde op pad is na Jerusalem. Hy trek met omweë deur die Galilea om die skares te vermy, want Hy wil nie hê dat die mense te wete moet kom dat Hy op pad is Jerusalem toe nie.

En nou kondig Jesus langs die pad vir die tweede keer aan dat Hy moet ly en sterwe.

Die bewoording van hierdie tweede lydensaankondiging is merkwaardig geformuleer: *"Die Seun van die mens word in die hande van mense oorgelewer, en hulle sal Hom doodmaak."*

Die Seun van die mens - in die hande van mense.

Eeue tevore moes koning Dawid, ná die sondige volkstelling, kies tussen drie moontlike strawwe: sewe jaar hongersnood, drie maande vlug voor sy vyande of drie dae pes. Toe het Dawid gesê: "Laat my liever in die hand van die Here val, want sy genade is groot. Ek wil nie in die hand van 'n mens val nie" (2 Sam 24:14).

Om in die hande van mense te val, is die swaarste denkbare straf.

Daar is 'n Latynse spreekwoord: Mense is soos wolwe vir mekaar.

Die Seun van die mens móés in die hande van die mense val... en hulle het Hom doodgemaak.

Wonder van God se genade: Die Seun van die mens is deur mense doodgemaak - sodat ons, sterflike mense wat deur sy Heilige Gees uit ons sondedood opgewek is, in Hom kan glo, en vandag kan lewe en tot in ewigheid.

Sing Skrifberyming 22:1,11

Prof. P.W. Buys (Emeritus)